Luit. Arthur Henry Thomas

Engelse offisier sneuwel op die Vrystaatse vlakte.

Luit. Arthur Henry Thomas is een van agt Britse soldate wat in die ou begraafplaas op Bultfontein begrawe lê. Op sy grafsteen staan die volgende: "Arthur Henry Thomas, Lt., Ceylon Mounted Infantry, killed in action at Hammonesfontein, October 4th , 1900."

Sy verloofde se moeder, Adelaine A Cameron het plakboeke gehou van die eenheid se vertrek asook verblyf in Suid Afrika en terugkeer na Ceylon (vandag Sri Lanka). Die eenheid het meestal bestaan uit vrywilligers en meeste was teeplanters van beroep. Interressant is die volgende berig uit "The Times of Ceylon" van 26 Desember 1899: "The Imperial authorities are prepared to accept untrained men from a military standpoint, so long as they are qualified in other ways, shows plainly enough how urgent is the need for "roughriders" as capable as the boers as marksman and in the saddle".



Plakboek gehou deur die moeder van Luit. Thomas se verloofde



Luit. A. H. Thomas

'n Afskeidsete vir die eenheid is gehou by die Face Hotel op Dinsdag, 30 Januarie 1900. Hulle vertrek na Suid Afrika op die 1ste Februarie en arriveer in Durban op die 18de Februarie 1900. Die eenheid het bestaan uit 130 man. Hulle perde het met 'n ander stoomskip, die "Umhloti" op 24 Februarie na Suid Afrika vertrek.

Die dagboek van Luit. Thomas toon sy eerste inskrywing op 9 Maart 1900 met 'n laaste inskrywing op 1 Julie 1900.

Op die 9de Oktober 1900 verskyn 'n berig in "The Times of Ceylon". Dit blyk dat hy aangestel was as assistent kommissaris van Bultfontein met siviele sowel as militêre beheer van ongeveer 50 vierkante myl. Hy was 40 myl vanaf die naaste militêre basis naamlik Hoopstad gestasioneer. Sy garnisoen het uit 20 man bestaan. Uit die aard van die distrik moes hy plase besoek, soms sonder begeleiding. Op die 4de Oktober was hulle in kontak met 'n boeremag en is Luit. Thomas aanvanklik as vermis aangegee. Na die skermutseling is die Engelse mag egter in kennis gestel deur die boere dat hy noodlottig gewond is. Hy is hierna na Bultfontein gebring en op die 6de Oktober begrawe. Sy kis is met die Engelse vlag bedek. Hy het gereageer op nuus dat 'n kommando van die boere op 'n plaas ongeveer 9 myl van Bultfontein uitgekamp het. Hy het om middernag van die 3de vertrek en is op die oggend van die 4de noodlottig verwond. Hy het nog drie broers gehad wat op die front geveg het. Sy laaste inskrywing in sy dagboek, op Sondag 1 Julie om 11 uur pm. lui: "Have been going round the village over every hour. Grant relieves me at 12.30. Shall be glad of a rest as I have had no sleep since yesterday morning and have been very busy all the time besides riding over 20 miles."



Fotos van Thomas se graf in die ou begraafplaas, Bultfontein

Wat die plakboek van groot historiese waarde maak, is die feit dat geen regimentele geskiedenis oor die Ceylon Mounted Infantry bestaan nie.





Oorsponklike dagboek van Luit. Thomas

Verwysings:

1. Private Versameling: Dr. Arnold van Dyk – Plakboek aangaande Ceylon Mounted Infantry
2. Private Versameling: Dr. Arnold van Dyk – Dagboek van Luit. A.H. Thomas
3. Times of Ceylon